Wes-Kaapse Onderwysdepartement
**Maria Goretti Correia**
Direktoraat: Assesseringsbestuur
Maria.Correia@westerncape.gov.za | 021 467 2891

Lêerno.: 19/2/P
Verwysing: 20230301-1993

Assesseringsbestuursminuut: 0006/2023

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Adjunkdirekteure, Hoofonderwyskundiges, Hoofde: Kurrikulumondersteuning, Hoofde: Bestuur en Beheer, Kringbestuurders, Adjunk-hoofonderwyskundiges, Assesserings- en Eksamenkoördineerders, Vakadviseurs en Hoofde van opvoedkundige inrigtings wat kandidate vir die Nasionale Senior Sertifikaat-eksamen voorberei

**Onderwerp: Verspreiding van die Graad 12 Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie: 2022 se Nasionale Senior Sertifikaat- (NSS-) eksamen**

1. Die Departement van Basiese Onderwys (DBO) het 2022 se Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie in 2022 se NSS-eksamen uitgereik. Om die verslag saam te stel, is 'n keuse gemaak uit inhoudsvakke waarvoor baie leerders ingeskryf was, asook Huistale en Tegnologie-vakke.

2. Die Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie vir 2022 word in drie dele aangebied:

   Deel 1: Inhoudsvakke (nie tale nie)
   Deel 2: Tale
   Deel 3: Tegnologie-vakke

3. Distrikte moet verseker dat hierdie diagnostiese verslae aan alle onderwysers wat hierdie vakke vir graad 12 aanbied, versprei en bemiddel word.

4. Inligting word vir elke vak verskaf, wat die volgende insluit:

   - Insig in kandidate se prestasies.
   - Prestasie van kandidate per vraag vir alle vraestelle in 'n vak.
   - Ander toepaslike inligting, soos algemene foute wat begaan is, asook voorstelle vir verbetering.

5. Die Diagnostiese Verslag oor Leerderprestasie in 2022 is op die DBO se webwerf beskikbaar. Die volgende skakel kan gebruik word om toegang tot hierdie webwerf te verkry: https://www.education.gov.za/Resources/Reports.aspx

6. Distriksamptenare en prinsipale word versoek om die inhoud van hierdie minuut onder die aandag van alle betrokke opvoeders te bring.

**GETEKEN:** H MAHOMED
**ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: KURRIKULUM- EN ASSESSERINGSBESTUUR**
**DATUM:** 2023-03-15